Quo Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

NR. 140 Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

O GOD, SO MET MY LOT BEGAAN

Ps. 63:3 en 4 (berymd)

Ek wil U prys my lewe lank,
my hande ophef en U dank.
Want, soos met vettigheid, sal weer
my siel versadig word, o Heer!
My mond sal jubelend U noem,
my lippe hoog u weldaad roem
wanneer die aarde in nag versink —
dan sal ek peinsend aan U dink.

U was, o God, 'n hulp vir my.
U het U vleuels uitgesprei
om met beskerming my te dek
en jubels in my harte te wek.
O God, só met my lot begaan,
hoe kleef my siel U agteraan!
Vertrouensvol op U geleun,
voel 'k hoe U hand my ondersteun.

GOD — EN DIE ELLENDE IN DIE WÊRELD

JARE VAN ELLENDE KOM EN GAAN

'n Ou jaar gaan verby . .. 'n Nuwe jaar breek aan. Die tyd rol voort. Dan neem die meeste mense hulle lewe en die wêreld met meer aandag as gewoonlik in oënskou. Daar is terugblikke en vooruitskouinge — vir wat dit ook al werd mag wees.

Een ding staan egter soos 'n paal bo water. Ons leef in 'n wêreld wat in groot nood is. Miljoene mense leef onder die broodlyn. Daar is selfs miljoene wat 'n moontlike hongerdood in die gesig staar. Siekte en pyn en smarte word beleef deur oud en jonk. Die meedoënlose dood maai miljoene kindertjies af. En dan praat ek nog nie eens van frustrasies en teleurstellinge en stryd en haat en oorlog en terrorisme en al die ander dinge wat 'n gelukkige lewe op aarde verhinder nie.

IS GOD 'N GOD VAN LIEFDE?

EN dan durf ek verklaar: Ek glo in God. En die Bybel sê: "God is liefde." Die Bybel sê self dat geen haar van ons kop val sonder die wil van God nie.

God is liefde. God is daarby ook die almagtige regeerder van die heelal. God is alomteenwoordig. Alles gebeur volgens Sy wil — of, soos die Bybel dit noem, volgens Sy ewige raadsbesluit.

Maar dan kan Hy mos sorg dat daar nie soveel onverklaarbare ellende in die wêreld is nie. Hy is liefde — daarom kan Hy hom tog nie verlustig in al die duistere nood nie. Hy is almagtig — daarom is dit vir Hom tog nie onmoontlik om alles mooi en goed en aangenaam te reël nie. As Hy 'n God van liefde is, waarom laat Hy al die ellende toe?

ELLENDE MAAK GELOOF IN GOD MOEILIK

Ek kan geen mens kwalik neem, wat met hierdie soort vrae sit nie. Ek het ook al daarmee in verleentheid gesit. Daar is ook vir my onverklaarbare vrae — wat die geloof in God moeilik maak.

VADERLIEFDE VRA WEDERLIEFDE

Ek wil egter die vraagstuk van die ander kant af benader. Ek glo dat God liefde is. Ek glo dat Hy almagtig is. Ek glo selfs dat Hy die mens en alle dinge geskape het. Hy het die eerste mensepaar in die Paradys geplaas en hulle alles gegee wat hulle hart begeer. Omdat Hy liefde is, het Hy die mense liefgehad. Hy as hulle Skepper en Vader het heeltemal tereg van hulle wederliefde verwag.

Is dit nou soveel gevra van die mens — ook van jou en my — om Hom, ons almal se Skepper en Vader, lief te hê. U verwag tog van u kind om u lief te hê. En die kind se liefde beteken ook dat hy aan sy ouer gehoorsaam is. En wat ons en ons verhouding tot God aanbetref, beteken dit dat ons aan Hom gehoorsaam moet wees.

ONVERKLAARBAAR DAT DIT NOG SO GOED GAAN

En nou wil ek maar net aan u sê wat ek van harte glo en nie skroom om uit te spreek nie. Die ellende en lyding en nood in die wêreld is nie vir my snaaks nie. Dit is vir my verklaarbaar.

Weet u wat vir my die mees onverklaarbare saak is wat ek ken? Dit is dat dit nog só goed gaan in die wêreld, ondanks die feit dat die mensdom sy God verwerp en verag en laster en belaster. Ek wil selfs nog naderby kom. Ek verwonder my altyd meer en meer daaroor dat dit met myself só goed gaan, want ek ken myself. Ek weet tog te goed dat ek niks in myself besit wat God se liefde waardig is nie.

ELLENDE MENS EN NIE GOD SE SKULD NIE

Die mees onverklaarbare saak is vir my nie dat die mensdom swaarkry nie, maar dat dit met 'n mensdom, wat God nie wil liefhê en gehoorsaam nie, nog só goed gaan. En ken ek die Bybel dan weet ek dat al die nood in die wêreld maar net die verantwoordelikheid van die mens self is. Dit kan nie op God se skouers geplaas word nie. En ons hoef nie daarvoor in die eerste plek na Adam en Eva te kyk nie — kyk maar eerlik na jouself en plaas die skuld vierkantig op jou eie skouers.

Die mens het self 'n gemors gemaak van die aardse lewe — en hy doen dit vandag nog. Die ergste is dat God 'n mens wat Hom nie wil ken en gehoorsaam nie, aan sy eie begeertes oorgee. Dan ontketen die mens self 'n onbeheerbare stroom van ellende. Selfsug, haat en onreinheid — ontering van menseliggame onder mekaar. Dit vreet soos 'n kankeragtige vloek deur die hele bestaan van die verblinde mensdom heen.

BEVESTIG DIE WAARHEID VAN DIE BYBEL

Dit bevestig maar vir my die waarheid van die Bybel. God het nadruklik aan die goeie mens gesê dat Hy sekerlik sal sterwe indien Hy aan God ongehoorsaam is. En met die ongehoorsaamheid, wat die Bybel sonde noem, kom die dood en ellende in die wêreld. En die dood lê sy koue hand op alle mense.

Die ergste is selfs nie die liggaamlike ellende en dood wat ons almal sien nie. Veel erger is dat die mens ook in geestelike sin dood is. Die Bybel sê dat hy dood is in sonde en misdade. Daarom moes hy, indien God hom na verdienste sou behandel, lankal van die aardbol weggevee gewees het en in die hel gewerp gewees het.

GOD IS WAARLIK LIEFDE

Maar God is lankmoedig. Hy stel die oordeel uit — ook omdat Hy wil hê dat mense tot bekering moet kom. Hy is selfs só lankmoedig dat Hy sy eniggebore Seun, Jesus Christus in die wêreld stuur. Hy stuur Hom om die lyding en nood en dood van die mensdom op Hom te neem. Hier op aarde, in die tyd, het Hy die helse nood en oordeel gedra om vir ons die ewige vreugde te verwerf.

O, ek weet só goed: My God is 'n God van liefde. Ek weet dit omdat Hy nie alleen die mensdom onverklaarbaar liefhet nie, maar ook omdat Hy my — sondaar — liefhet. Kan u dit verstaan dat die Almagtige Skepper wat tereg 'n vreeslike aanklag teen jou en my het, ons liefhet? Hy het immers geen behae in die dood van die sondaar nie, maar daarin dat hy hom bekeer en lewe.

M. J. Booyens.

LYDENSWORSTELING

WEES eerlik.
Jy worstel daarmee.
Die vraagstuk van die lyde!
Jy beleef dit dag na dag.
Jy sien dit elke oomblik.
Jy hoor elke dag daarvan.
Trane en smart en rou in die begraafplase.
Die neergeveldes op hospitaalbeddens.
Oues van dae, volwassenes, jongmense in die fleur van hulle lewe, kinders, babas.
Die gewondes op die slagvelde.
Gebreklikes, verminktes, dowes, blindes, sterwendes.
Sielesmart, rousmart en liggaamspyne.
En jy kan dit nie begryp nie.
En jy vra is al die lyde werklik nodig?
Wat is tog die sin daarvan?
Jy word opstandig.
Jy bal die vuis na die hemel.

MY EIE SKULD

En jy vra of daar nog 'n God is vol van liefde en ontferming en deernis?
Waarom laat Hy al die pyn en smart toe?
Asof God die oorsaak van al die lyde is?
Asof God hom verheug en verlustig in die leed van die mens?
Nee ... dit is ons eie skuld dat daar lyding in God se skepping ingekom het.
Dit is die smartlike gevolg van die sonde wat in sy krag verskeur en jaag na die dood.
Onthou jy nog die sonde van Adam en Eva in die paradys?
Daarom kan en mag ons God nie beskuldig vir ons lyde nie.
Die mens wat die skuld van sy lyde op God wil plaas, is 'n ongelowige en verstaan niks van God se handelinge met ons nie.

DEUR DIE GELOOF

Die gelowige daarenteen weet dat die lyde in ons lewe ... ons pyn, ons smart, ons rou, ons verlore ideale ... wel deur God toegelaat word, maar nie as 'n God wat Hom wreek en soos 'n tiran ons wil breek en verdruk en ons in die stof wil slaan nie.
Deur die geloof sien ek dit eerder as 'n daad van loutering en beproewing.
Deur die geloof sien ek dit eerder as 'n Vaderhand wat na my toe uitgesteek word om my te kap en te beitel om *Sy* beeld te vertoon.
Deur die geloof sien ek eerder 'n Vaderhand wat na my toe uitgesteek is om my te ondersteun en te onderskraag in my lyde.
Deur die geloof sien ek eerder my lyde as genadige bemoeienis van my Vader met my, sy kind wat Hy tugtig.
Deur die geloof hoor ek die stem van 'n liefdevolle Vader wat verlossingswoorde spreek deur Hom, Jesus Christus wat my smart gedra, my lyde gely en my dood gesterf het. Hy, my Verlosser, het in die troosteloosheid van my lewe ingekom om lig in my lewensdonker, rus vir my gemartelde siel en liggaam, krag in my swakheid, gelowige berusting in my lyde te bring.

DIE WOORD VAN GOD

Ja, wanneer die Here my swaar beproef het, wanneer Hy my magteloos geslaan het, wanneer ek met leë hande en bloeiende hart, wanneer die duisternis van nie-meer-

weet om my toevou en ek my voel wegsink in die modderige slyk, dan vind ek nog in Hom, die gekruisigde, my sterkte en krag en lewensmoed.

My lewe ... ook in my lyde ... het nog sin. Dit het uitsig. Dit het 'n toekoms.

Want oor my ganse lewe, oor my bitterste lyde, selfs oor my dood, skyn daar altyd die heldere lig van die Woord van God:

Wees nie bevrees nie, want Ek het jou verlos; Ek het jou by jou naam geroep; jy is myne!

As jy deur die water gaan, is Ek by jou; en deur die riviere - hulle sal jou nie oorstroom nie; as jy deur vuur gaan, sal jy jou nie skroei nie, en die vlam sal jou nie brand nie.

J. H. Coetzee.

Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur onse Here Jesus Christus; deur wie ons ook die toegang verkry het deur die geloof tot hierdie genade waarin ons staan; en ons roem in die hoop op die heerlikheid van God. En nie alleen dit nie, maar ons roem ook in die verdrukkinge, omdat ons weet dat die verdrukking lydsaamheid/volharding werk, en die lydsaamheid/volharding beproefdheid en die beproefdheid hoop; en die hoop beskaam nie, omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is.

— Romeine 5 :1-5.

KAN JY JOU LYDE DRA...?

Ek wil nie vir jou vra of jy ly nie.
Jy is 'n mens — en om mens-te-wees is om te ly -
As jy my nie wil glo nie, lees Genesis 3 in die Bybel.
Daar word vertel van die sonde van die eerste mensepaar, Adam en Eva, wat in ongehoorsaamheid, na God nie wou luister nie.
Daar word vertel van die verskriklike gevolge van hierdie sonde: die LYDE wat die mens en die ganse skepping getref het.
Sedert die sondeval is die mens kort van dae en sat van onrus (Job. 14:1).
Daarom vra ek nie vir jou of jy ly nie .. .

HOE DRA JY JOU LYDE

Wat ek vir jou wel wil vra is: Hoe dra jy jou lyde?
Dra jy dit met 'n opstandige hart? Is jy een van die mense wat God van onregverdigheid en liefdeloosheid beskuldig omdat Hy dit durf waag om jou te laat swaarkry?
Of dra jy jou lyde met verharding? Is jy een van die onverskilliges wat jou rug op die Here draai, op jou tande kners en vir God sê: Ek sal met my sondige lewe voortgaan?
Of is jy een van hulle wat met Stoïsynse gelatenheid soos 'n pakesel jou lyde dra met die sugtende gedagte: Ek kan tog niks daaraan doen nie?
Of is jy een van hulle wat die hande in die lug gooi en maar liewer wil sterf omdat jy dit nie langer kan dra nie?
Indien dit so is wil ek net sê: Al hierdie metodes-van-kruisdra is radikaal verkeerd.

HOE MOET MENS JOU LYDE DRA?

As jy belangstel hoe om jou onder die lydensjuk te gedra, moet jy saam met my die Bybel oopslaan by Filippense 4 vers 13.
Ons lees daar: "Ek is tot alles in staat..."
Die man wat hier praat is Paulus. Hy sê hy is in staat om alles te dra. Uit die teks verband blyk dit dat die "alles" waarvan hy hier praat al die lyde en smarte en ontberinge is wat hy as mens, as Christen en as dissipel in diens van Jesus Christus moes dra.
En nou sê Paulus: Ek kan dit dra ..
Moet tog nie dink Paulus praat groot nie.
Aan die Romeine skryf hy: Ons roem in die verdrukkinge (Rom. 5:3).
Aan die Korinthiërs skryf hy: Daarom gee ons nie moed op nie (2 Kor. 4:16).
En as jy miskien dink dat Paulus hierdie dinge maar net geskryf het sonder om dit uit te voer, lees dan Handelinge 16 waar Paulus en Silas lofliedere tot eer van God in die tronk gesing het.
Van Job lees ons dat hy sy geboortedag vervloek het toe die kruis te swaar geword het (Job. 3).
Van Elia lees ons dat hy moedeloos onder die besembos gelê het (1 Konings 19).
Maar van Paulus lees ons nooit dat hy moedeloos word nie.
Inteendeel. Hy sing: "Ek is tot alles in staat..."

DIE GEHEIM OM JOU LYDE TE DRA

Wat was die geheim van Paulus se krag?
Hy sê in Filippense 4 vers 13: ,,Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee.

Jesus Christus was die geheim van Paulus se optrede.
Net soos die wingerdstok voortdurend sap in die ranke inpers, so is die krag van Jesus Christus in Paulus ingepers.
Deur die **geloof** is die krag van Christus in Paulus ingestort, want, hoe meer ons deur die geloof toevlug tot Christus neem, des te meer is ons in staat om ons lyde met berusting en aanvaarding te dra
Deur die gebed is die krag van Christus in Paulus ingestort, omdat God Sy genade en die Heilige Gees alleen aan diegene wil gee wat Hom met hartlike sugte sonder ophou daarom bid (Kategismus Vr. 116).
Deur die **Woord van God** is die krag van Christus in Paulus ingestort. Paulus het sy Bybel getrou gelees en daarom skryf hy ook aan die Thessalonicense: Verag die profesieë nie (1 Thess. 5:20).
Maar die krag van Jesus is ook in Paulus ingepers in die weg van **tere godsalige lewenswandel.** Paulus het so innig met die Here gewandel dat hy aan die Filippense skryf dat die lewe vir hom Christus is (1:21).

KAN EK MY LYDE OOK SO DRA?

Jy sal nou vir my sê: Dis alles baie mooi — maar ek is nie Paulus nie.
Jy maak 'n groot fout as jy so praat.
Paulus was nie 'n supermens nie, hy was 'n sondaarmens — hy was net soos jy wat hierdie woorde lees; hy wou totaal niks met die Kerk te doen hê nie (lees Handelinge 8:1, 9:1).
God moes hom inbreek op die pad na Damaskus (lees Handelinge 9:3 ev.).
En toe Paulus ingebreek is, het hy bewend, verbaas gevra: Here, wat wil U hê, moet ek doen? ...
Nouja, dis hierdie woesteling wat in ons teksverse sê dat hy tot alles in staat is.
Hou nou daarom op om te sê dat jy nie daartoe in staat is nie.
Paulus skryf in 1 Timotheüs 1:15: "Dit is 'n betroubare woord en werd om ten volle aangeneem te word, dat Jesus in die wêreld gekom het om sondaars te red van wie ek die vernaamste is."
Soos God vir Paulus as vernaamste sondaar genadig was, wil God jou ook genadig wees.
Neem jou toevlug na Jesus Christus wat aan die kruishout van Golgota gesterf het om jou uit die mag van die duiwel en die sonde te bevry.
Hy is die Seun van God wat uitnooi: Kom na My toe almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee (Mattheus 11:28).
As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig (1 Johannes 1:9).
Jesus Christus sal jou die krag skenk om jou lyde met berustingen aanvaarding te dra ...

AS JY NIE JOU LYDE WIL DRA NIE ...

As jy egter voortgaan met jou onbekeerlike lewe buite Jesus Christus — as jy voortgaan om jou rug op God te keer — as jy nie die taal van die lyde wil verstaan dat die Here jou tot inkeer roep nie — sal die Here vir jou eendag saam met die goddelose sê: Gaan weg van My af, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele. (Lees Mattheus 25:31-46).

Chris J. Malan.

DIE PLAN VAN GOD MET ONS LEWE

U het seker ookal geworstel met die vraag wat nou eintlik die sin, doel en betekenis van my lewe is. Alles lyk vir ons soms so ydel en tevergeefs. Is die Prediker nie korrek as hy sê dat alles: "'n gejaag na wind" is nie? Het die lewe nie iets van somber, droewe, groue kringloop nie — ek word gebore om maar weer later te sterwe en van die aarde te verdwyn. Een geslag moet weer plek maak vir 'n ander geslag. Is die mens soos sommige beweer ..'n reisiger na nêrens"? Vir baie is hierdie lewe 'n kamer sonder 'n venster..." sonder doel en uitsigloos!

Moet ons nie eerlik bely dat hierdie gevoel van troosteloosheid soms ons harte wil oorweldig nie en die glans in ons oë verdof.

WAAROM SOVEEL LYDE?

Daar is om maar te noem die diepsinnige vraagstuk van die lyde. Waarom is daar soveel lyding in hierdie wêreld; want wie kan ontken daar word intens baie gely? Waarom ly sommige mense so vreeslik baie en ander veel minder? Wat is die verband tussen sonde en lyding?

Êrens het die digter Totius na die dood van 'n geliefde kind te midde van droefheid en rou gesê: "Die lewe, wrede warreling". Jakob het by geleentheid toe alles vir hom so donker gelyk het uitgeroep: "Alles is teen my." Naomi sê by haar teruggekeer uit Moab as verarmde beproefde weduwee: "Noem my nie Naomi nie, maar Mara, want die Here het my baie bitterheid aangedoen." Dink maar aan Job, die eers vermoënde geëerde man op die ashoop verneder getref met bose swere — 'n bondeltjie ellende! Waarom maak God so met Job?

MISTERIE VAN GODSREGERING

Ons staan hier met die vraagstuk van die misterie van Godsregering. Elke mens soek in hierdie lewe vastigheid en sekuriteit — 'n anker om aan te klem. En hierdie anker bepaal ons lewens- en wêreldbeskouing. Daar is diegene wat onder alles sê: "Eet en drink want môre sterwe jy?" Ander het gesê: "Ons moet onbewoë deur die lewe gaan — nie te plesierig nie en nie te hartseer nie - die gebeure in ons lewe met gelatenheid aanvaar. Sommige het gepraat van 'n blinde harde noodlot waarteenoor die mens magteloos staan.

WAT SÊ DIE BYBEL?

Die een kardinale vraag, op al hierdie vrae is die vraag, wat u en ek kinderlik-gelowig moet vra en dit is: "Wat sê die Bybel? Die Bybel as die onfeilbare Woord van God?

As ons na die Heilige Skrif gelowig luister word ons eerstens gewaarsku om nie 'n oplossing op elke nood en 'n antwoord op elke vraag van die lydende mens te verwag nie. Job kon bv. die werke van die Here in sy lewe nie begryp nie, en moes hy telkemale vra in diepe worsteling en stryd: "Waarom maak God so met my? Ons as mense met die sondige beperktheid begryp maar weinig van die weë en werke van die Here. Hoe dom en dwaas van die mens om van die Almagtige en Alwyse God rekenskap vir Sy dade te vra? Ons kan nie God voor die regbank bring van ons sondige denke en wetenskaplike insig nie. Dit is niks anders as sondige hoogmoed nie!

GOD SE RAAD VIR ONS TE HOOG

Laat ons dit leer uit die lydensgeskiedenis van Job dat God se Raad vir ons te hoog is en dat Sy Weg vir ons onbegryplik is. Daarom moet ons versigtig wees om sommer gereed te wees met uitsprake of veroordelings of wat grens aan niks anders as goedkoop oplossings nie. So lees ons in Job 11 vers 7: "Kan jy die dieptes van God peil?" "Hoe ondeurgrondelik is Sy oordele, en onnaspeurlik Sy weë". (Rom. 11 vers 33). Dit is ook in hierdie sin wat ons Prediker moet verstaan as hy sê: "Wees nie alte regverdig nie en hou jou nie buitengewoon wys nie en wees nie alte goddeloos en wees nie dwaas nie." As kinders het ons dikwels nie die handelswyse en optrede van ons aardse vader verstaan nie: Hoe kan ons as nietige mense die Werke van Ons Almagtige en Ewige Vader begryp? Jesaja wat die adelaar onder die profete genoem word sê hiervan: "Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes."

VERBAND TUSSEN LYDE EN SONDE

Die Bybel leer ook dat lyde, smart, droefheid en pyn gevolge van die sonde is. Daar is derhalwe ook 'n verband tussen lyde en sonde. Maar Jesus Christus het die angel uit die lyde, smart en dood uitgehaal. In Hom het u en ek waarlik 'n anker in die lewensstorms sodat ons lewensbootjie nie reddeloos ronddobber op 'n see van wanhopige vertwyfeling nie. Ja, in Jesus Christus kry my lewe opnuut heerlike sin, doel en betekenis. Ons bange vrae word blye uitroeptekens!

God werp Sy kinders soms in die dieptes van beproewing maar nie om te vernietig of om ons van Hom te vervreemd nie, maar juis om ons nader aan Hom te bring. Smarte en beproewing en diepe teleurstelling is alles beitelhoue om die lelike sondige uitwasse in ons lewe uit te kap, "om so gelykvormig te wees aan die beeld van Sy Seun". Hierdie beitelhoue is nie afkomstig van 'n blinde harde noodlot nie, maar 'n liefdevolle Vader wat Sy kinders tugtig, wat Hy liefhet sodat ons as lote nog meer vrugte tot Sy eer mag dra.

ALLES WERK TEN GOEDE MEE

Gelowig bely ons met die apostel Paulus wat ook met die lydensprobleem worstel en deur die Heilige Gees getuig: "Alles werk ten goede vir hulle wat God liefhet". "En nie meer alles is teen my nie." Job bely ootmoedig en skuldbelydend later in sy lewe: "Volgens hoorsê het ek van U gehoor: maar nou het my oog U gesien". Saam met die apostel Paulus mag ons in Jesus Christus gelowig bely: "Want ek reken dat die lyding van die teenwoordige tyd nie opweeg teen die heerlikheid wat aan ons geopenbaar sal word nie."

EER VAN GOD

Ook in ons lydensdonkerheid moet dit ten diepste gaan om die eer van God. Ag, wat 'n wêreld van leed en pyn het oor Job die lyer uit die land Us gegaan — sodat Job die slagveld geword het van die worsteling tussen God en Satan om die eer van Sy Naam.

Ja ook in ons beproewing gaan dit uiteindelik om die eer van Sy Naam.
Daarom: "God is goed in al Sy handel en Sy pad is enkel reg".
"Kyk, dit is maar die uitlopers van Sy weë, en wat 'n fluisterwoord hoor ons van Hom! Wie sou dan die donder van sy magtige dade verstaan" Job 26:14.

Gods geheimnis is die lewe
Vir wie wandel in Sy vrees
En Hy't Sy verbond gegewe
Om vir hul 'n lig te wees".

G. H. Buys.

VOEL U VER VAN GOD VERWYDER ?

Maar ek is altyddeur by U;
U het my regterhand gevat.
U sal my lei deur U raad en my
daarna in heerlikheid opneem.
Wie het ek buiten U in die hemel?
Buiten U begeer ek ook niks op die aarde nie.
Al beswyk my vlees en my hart —
God is die rots van my
hart en my deel tot in ewigheid.

— Psalm 73:23-26.

U VRA:
Waarop sal die lyde alles uitloop?

GOD SÊ

Ná hierdie dinge het ek gesien — kyk, daar was 'n groot menigte wat niemand kon tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale; hulle het gestaan voor die troon en voor die Lam, bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande; en hulle het met 'n groot stem geroep en gesê: Heil aan onse God wat op die troon sit, en aan die Lam! — Openb. 7:9-10

U SÊ

Ek het moed verloor.

DIE ANTWOORD:

Daarom gee ons die moed nie op nie, maar al vergaan ons uiterlike mens ook, nogtans word die innerlike mens dag ná dag vernuwe.
Want ons ligte verdrukking wat vir 'n oomblik is, werk vir ons uit 'n alles oortreffende ewige gewig van heerlikheid; omdat ons nie let op die sigbare dinge nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig. — (Kor. 4:16-18).

WAT DINK U VAN DIE CHRISTUS ?

Die Here Jesus het een keer vir sy dissipels gevra: Wie sê die mense dat Ek, die Seun van die mens, is? (Mattheus 16:13).
Hierdie vraag is nog net so aktueel vandag: Wat dink u van die Christus? NIE 'N GEWONE MENS NIE!

As Jesus ná lang afwesigheid een Sabbat in die sinagoge in Nasaret preek, is die mense verslae oor Sy leer. As hulle egter begin nadink:

- dat Sy familie oorbekend in Nasaret is —
- dat Hy saam met hulle groot geword het — neem hulle aan Hom aanstoot.

Die Nasareners redeneer: As Jesus werklik die Messias was, moes Hy uit die hemel kom, moes Hy nie saam met, maar ver **bokant** hulle geleef het.
Die groot dwaling van die mense van Nasaret was dat hulle nie wou glo dat Jesus die Seun van God is nie. As hulle Hom as die Christus wou aanvaar, sou sy menslike

natuur juis vir hulle tot diepe vertroosting gedien het maar nou gaan hulle Jesus as die Christus, as die Seun van God, verby.
U wat hierdie artikel lees .. . beskou u Jesus ook maar as 'n hoogstaande sedelike mens? Verwerp u dit dat Hy die Seun van God is?
Dan gaan u in u sonde verlore, want as Jesus net 'n doodgewone mens was, kon Hy nooit die toorn van God teen die sonde dra om u te verlos nie.

NIE 'N REWOLUSIONÊRE MENS NIE

Die Kommuniste het in die afgelope tyd ook godsdienstig geword.
Hulle is bereid om die Here Jesus nou te aanvaar — maar dan 'n Jesus wat inpas in hulle ideologiese denke.
Jesus was vir hulle 'n blote mens wat in opstand teen die maatskaplike toestand van sy tyd gekom het. Die gevolg was dat die Romeine Jesus gekruisig het.
Die Kommunis sien Jesus nie as Lam van God wat aan die kruishout vir ons sondes gesterf het nie, maar as 'n rewolusionêr wat deur die Romeine gekruisig is vanweë sy aardse aspirasies.
En nou sê die Kommunis: Julle Christene moet Jesus se voorbeeld volg deur in opstand te kom teen die bestaande maatskaplike orde ... julle moet rewolusie pleeg!
So word ons Verlosser, Jesus Christus, deur die mens vervals en verjaag.
As dit u beskouing is, wees dan gewaarsku: met so 'n beskouing verkry u geen vrede met God nie, geen versoening van u sondes nie, maar betree u die weg na die hel.

MAAR WIE IS JESUS DAN?

Jesus was 'n waaragtige mens: Hy het 'n ware menslike natuur uit die vlees en bloed van die maagd Maria (Galate 4:4, Lukas 1:31).
Jesus was 'n regverdige mens: Omdat die Heilige Gees Hom verwek het (Mattheus 1:20), was Hy 'n regverdige mens, sonder sonde.
Jesus was waaragtig God: Petrus het dit so pragtig bely: U is die Christus, die Seun van die lewende God (Mattheus 16:16).
Daarom kon HY ALLEEN ons salig maak en ons van al ons sondes verlos.
Dat Jesus mens was, soos u en ek; dat Hy honger en dors was; dat Hy smart en lyde geken het... dit moet vir ons nooit 'n aanstoot wees soos vir die mense van Nasaret nie. Dit maak Jesus in alle opsigte aan ons gelyk, uitgesonderd die sonde.
Dat Jesus God was, dit moet nooit ons verskrik nie, want sy Goddelike natuur het Hom in staat gestel om die toorn van God teen ons sonde te kan dra en vrede met God in ons hart te bewerk.

WAT MOET EK DAN BELY?

- Bely dat Jesus Christus Homself in ons naam voor sy Vader gestel het om sy toorn te versoen deur Homself op te offer aan die kruishout en sy dierbare bloed te vergiet tot reiniging van ons sondes. (Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 21).
- Bely saam met Paulus dat ons van niks anders wil weet nie as Jesus Christus en Hom as gekruisigde.
- Dan — en dan alleen — vind u 'n vrede met God wat alle verstand te bowe gaan.

Chris J. Malan.

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520. Tel. 23831.